Kom geniet ‘n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Tema 2 – Die Vrug van die Gees is Liefde

Uitkoms

Kinders wys dat die Heilige Gees in hulle woon deur ander met God se liefde life te hê.

Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.
Youtube - https://youtu.be/NP00FAUrwnE (ongeveer 15.0MB / 03:27)

Boodskap – Tannie Babs

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur tannie Babs.
Youtube - https://youtu.be/nywv2zd6HTM (ongeveer 6.90MB / 05:02) OF
MP3 - http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodskap02.mp3 (0.54MB / 04:36)

Memoriseervers

2 Korintiërs 3:18 “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word… Dit doen die Here wat die Gees is.”

Storie

Sodat julle kan lewe

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is ‘n bomwerper van die Britse lugmag getref toe hulle oor Duitsland gevlieg het. Die vliegtuig was vinnig besig om hoogte te verloor. Die enigste persoon in die vliegtuig wat nie seergekry het nie, was die lugmagkapelaan (dominee). Die vlieënier het oor sy skouer na hom geroep om soveel as moontlik bagasie uit die vliegtuig te gooi sodat hulle in die lug kon bly. Die dominee het alles uitgegooi wat hy kon, selfs die brandblussers en die valskerms. Die vliegtuig het egter aanhou hoogte verloor en voor hulle was ‘n reeks heuwels waaroor hulle waarskynlik nie sou kon kom nie. Die heuwels het al hoe nader gekom. Skielik het die vliegtuig weer hoogte gekry en net-net oor die bome gesweef.

“Dominee, ons het dit gemaak!” het die die vlieënier uitgeroep. Maar daar was geen antwoord nie. Eers nadat hy ‘n paar maal geroep het, het die vlieënier besef dat die dominee nie meer in die vliegtuig was nie. Hy het self uitgespring sodat die vliegtuig die laaste bietjie hoogte kon kry om oor die heuwels te kom.

Bespreek:

1. Hoe laat die dominee wat uit die vliegtuig gespring het jou aan Jesus dink?

Aktiwiteit

LIEFDE - Fotorame

Maak jou eie fotoraampie en kleur dit in en versier dit. Teken of plak dan fotos van jou gesin in die fotoraampie. Laat die foto's jou herinner om ander altyd eerste te stel. So kan jy vir almal wys dat die Heilige Gees in jou woon deur ander lief te hê.